VERENIGING VIR TUISONDERWYS
CURAMUS
ASSOCIATION FOR HOME SCHOOLING

Postnet 165
Privaatsak / Private Bag X855
Pretoria, 0001

epos / email : *vto-ahs@diemoot.net*
Tel : 082 907 9696

Voorsitter verslag

Tydens die AJV van 2005 is besluit om die manier waarop die VTO funksioneer heelwat te verander. Die vereniging gaan daarop fokus om ‘n organisasie te wees wat ouers wat tuisonderwys gee te verteenwoordig. Om dit te kan doen is dit slegs nodig om elke jaar ‘n AJV te hou waartydens ‘n bestuur op demokratiese wyse deur sy lede verkies word. Hierdie doelwit kan bereik word sonder om ledegelde te vra. Deur die afskaffing van ledegelde, kan die bestuur van die vereniging sy werkslas verlig, aangesien geen lede-administrasie of finansiële administrasie meer nodig is nie.

Die fokus van die bestuur was om hierdie besluit van die vereniging in 2006 te implementeer. Die enkele bates van die vereniging is verkoop. Die bankrekening van die vereniging is gesluit, om sodoende ontslae te raak van konstante bankkostes. Die oorblywende geld in die rekening is oorgedra na die Pestalozzi Trust, wat die geld in trust hou namens die vereniging. Die vereniging sal die geld oor tyd gebruik, en jaarliks verslag doen oor die aanwendig van die fondse, todat dit opgebruik is. Wanneer die vereniging daarna geld benodig, sal die bestuur vra vir donasies.

Die fokus van 2007 gaan wees om weer ‘n nuwe lede databasis op te bou. Die vorms wat vandag uitgedeel is, is die begin daarvan. Hierdie lede databasis moet nou verder uitgebou word deur dit moontlik te maak om oor die Internet by die vereniging aan te sluit. ‘n Spesifikasie vir so ‘n webbladsy is reeds geskryf.

Tydens 2006 was daar nie geleenthede waartydens die staat na vore getree het op die front van tuisonderwys nie, en daar was dus nie ‘n noodsaak om ouers by die staat te verteenwoordig nie. Daar word egter verwag dat so ‘n noodsaak wel in 2007 sal ontstaan. Die departement van onderwys het op tender gegaan vir kontrakteurs om inligting te versamel oor tuisonderwys. Dit word verwag dat die departement hierdie inligting gaan gebruik om die wetgewing oor tuisonderwys te verander. Indien dit gebeur, sal daar ‘n noodsaak wees vir ‘n vereniging wat ouers wat tuisonderwys gee te verteenwoordig by die owerheid.

In 2006 was daar ook ‘n versoek van die Homeschooling Legal Defense Fund om ‘n oproep tot die Duitse regering te maak, om ook in Duitsland vir ouers vryheid te gee om hulle eie kinders te onderrig. Die vereniging het aan hierdie oproep gehoor gegee en in November 2006 ‘n brief aan die ambassade gerig. Die voorsitter het ook ‘n telefoniese gesprek met dr. Bodo Schaff van die Duitse ambassade gehad.

Een van die belangegroepe wat resorteer onder die vereniging is Aksie Reformatoriese Tuisonderwys (ARTO). Hierdie belangegroep het in Julie 2006 ‘n brief aan die Kerkblad van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika geskryf om sekere bewerings wat prof. Kobus Mentz van Noordwes Universiteit in die Kerkblad gemaak het, reg te stel. Hierdie brief is ook geplaas in die Kerkblad.

Aan die einde van 2006 het die bestuur besluit om die AJV te skuif na die begin van die jaar, aangesien mense se agendas baie vol is aan die einde van die jaar. Terwyl die bestuur nog besig was om relings te tref, is inligting ontvang van die Kurrikulum expo, en is besluit om die AJV tydens hierdie expo te hou. Indien hierdie expo op ‘n jaarlikse basis aangebied sal word, hoop die bestuur dat ons dit in die toekoms weer kan doen. Ons is baie dankbaar vir Lorrainne van Dyk se entoesiasme en behulpsaamheid wat dit vir ons moontlik gemaak het om die AJV hier te hou.